

Sien die onsienlike

Die kerk van Jesus Christus is hier in Handeling 7 nog jonk. Kragtig werk die Heilige Gees sodat die evangelie van Christus soos 'n veldbrand versprei. Die evangelie brand en kook en vernietig alle weerstand. Dit laat geloof groei en bring mense elke dag tot bekering in die Here.

Maar dan word daardie jong kerk tot stilstand geruk. Een van die mees begaafde jongmanne (diakens) van die kerk (Hand 6), wat vol van die Heilige Gees was en kragtig gewerk het in die wingerd van die Here, word op 'n verraderlike wyse vermoor. Hy word met klippe doodgegooi.

Kyk egter wat doen die Heilige Gees! Hy laat Stefanus die onsienlike sien. Stefanus hoef nie die dood te vrees nie, want hy sien 'n geopende hemel en Jesus Christus aan die regterhand van God (vs 56). In vrede kon hy sterf, want Góð het hom verlos.

Ons kan ook elke dag die onsienlike sien. Die Here toon deur die evangelie aan ons die heerlike vooruitsig van die hemelse heerlijkheid. Ons sal egter elke dag vuriger moet bid dat die Here ons elkeen sal vol maak van die Heilige Gees. Die Gees sal dan deur die Woord van God ons geloof sterk maak, sodat ek en jy ook tot God kan sing (Ps 73:10 – berym): "... en ná die dag van aardse stryd, /(sal) u my opneem word in u heerlijkheid." Hoe vurig kan 'n Godskind nie uitsien en verlang na die hemelse heerlijkheid nie?

Sing: Psalm 73:10

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)